ACVV – GERT MEIRING

BESTAANDE DIENSTE DEUR ACVV

Siekeboeg fasiliteite
Spesialis fasiliteite (Alzheimer versorging)
Dienssentrum: (Etes/sopkombuise/bystand versorging)
Werkswinkel vir gestremdes
Aftree-oorde en groepsbehuising
Kleuterskool

NUWE PROJEKTE/BEHOEFTES

Inligting sentrum en "help desk"
Tuisversorging
Opleiding van tuisversorgers
Club 50+
Projek Zilinda - Fanus se idee van oupa/ouma en kleinkind 20-kamp kompetisie.
Hierdie plan kan groei tot n volwaardige werklikheidsreeks

HARTENRUS – GERRIT THERON

MOSSELBAAI-SAKEKAMER : EFFEKTIEWE AFTREDE

BAASK : BELANGEGROEP VIR AFTREE-OORDE EN AANVERWANTE INSTANSIES IN DIE SUID-KAAP

Die Belangegroep bestaan uit aftree-oorde en aanverwante instansies wat gemoeid is met bejaardesorg in die Suid-Kaap. BAASK fokus op alle aspekte wat bevorderlik is vir aftree-oorde en aanverwante instansies en wat waarde sal toevoeg tot hul inwoners en personeel.
BAASK beskik oor die inligting en kundigheid om senior burgers en afgetredenes te adviseer hoe om aftrede te hanteer en met waardigheid en diensbaarheid ouer te word.

EFFEKTIEWE AFTREDE

•Mense is onvoorbereid op aftrede.
•Mense maak nie betyds voorsiening vir aftrede-beplanning nie.
•Mense wil welkom voel in die nuwe gemeenskap. Bou 'n gemeenskap wat mense welkom laat voel.
•Mense wil voel dat hulle deur die gemeenskap aanvaar word.
•Mense wil gemoedsrus hê.
•Die primêre doel van die sakekamer behoort te wees om nuwe intrekkers (persone wat in Mosselbaai kom aftree) behulpsaam te wees met vestiging en integrasie in die nuwe omgewing. En hulle so te motiveer dat hul koopkrag plaaslik behoue bly.
•Mense wil van relevante inligting voorsien word.

HOE KAN DIE SAKEKAMER NUWE INTREKKERS LAAT WELKOM VOEL EN VAN RELEVANTE INLIGTING VOORSIEN?

•Taal
•Die meerderheid persone wat in die Suid-Kaap kom aftree, is Afrikaanssprekend.
•Afrikaans word afgeskeep.
•Afrikaanssprekendes voel uitgesluit.
•Aldrie die amptelike tale in die Wes-Kaap moet erkenning geniet.
•Daar word meer aandag geskenk aan die koopkrag van oorsese besoekers as aan die plaaslike koopkrag.
•"Billboards"/Advertensieborde
•By toegangsroetes na die dorp.
•By punte wat gereeld besoek word.
•Om nuwe intrekkers en besoekers welkom te heet en inligting te verskaf.
•Sentrale Inligtingsentrum
•Die GROOT MOSSEL as nodale punt. Dit kan 'n belangrike inligtingsbron sowel as 'n toeriste-aantrekkingskrag wees.
•Geborg deur sakelui.
•24-uur telefoon-inligtingsdiens.
•Kaart van dorp met belangrike plekke daarop aangedui.
•SAID/SARS ook in Mosselbaai?

NET ‘N VOORBEELD….

DR GJ VAN DEVENTER – NG MOSSELBAAI

My opmerkings sal in die lig van die wye spektrum dalk net fokus op "**Uit 'n kerklike hoek**" en kan dalk drie fasette aanspreek:

- Geestelike behoeftes
- Sosiale behoeftes
- Ondersteunings-behoeftes

FRITS NORTJE

Mosselbaai Besigheidskamer Werkswinkel: 03 Augustus 2018. Drie dinge om die lewe vir nuwe intrekkers (pensioenaisse) te vergemaklik.

1. Lughawe:

Alle pasafgetredenes wat hierheen verhuis, het kinders en kleinkinders elders --- Kaap, Gauteng, VSA, Kanada, Engeland, Europa, Midde-OOste, Verre Ooste, Australië, Nieu-Zeeland, waar ook al. Daar is voortdurend 'n heen-en-weer reisery, per vliegtuig via Johannesburg of Kaapstad. Dit beteken ook twee motorritte na George en terug vir elke vlugrit, wat 'n groot omslagtigheid is, veral vir 'n groterige gesin, en daar moet dikwels op bure en vriende se goedgunstigheid staat gemaak word. 'n Lughawe wat passasiersvlugte tussen Mosselbaai en Kaapstad/Johannesburg kan aanbied sal beslis die lewe vir alle pensioenarisse, nuut of reeds gevestig, aansienlik vergemaklik.
Dit word besef dat daar nie 'n lughawe om hierdie rede alleen gevestig kan word nie, maar dit is bekend dat opgradering van die bestaande vliegveld oorweeg word, veral vir toerisme, en bogenoemde aspek kan as bykomende motivering dien.

2. **Fibre-to-the-Home:**

Vanweë hoë koste, het persoonlike besoeke egter 'n perk wat gou bereik word. Gelukkig maak die tegnologie dit wel moontlik om elektroniese kontak met kinders en kleinkinders (en andere) te maak, byvoorbeeld met Skype klank en video. Hiervoor word egter baie bandwydte en baie data benodig, en Mosselbaai, soos talle kleiner plekke, word nie in hierdie opsig goed deur die telekommunikasiemaatskappye bedien nie.
'n Gekoördineerde en gedetermineerde projek om bekostigbare FttH asook goedkoop data beskikbaar te maak sal nie alleen pensioenarisse nader aan hulle familie bring nie maar sal ook tot groot voordeel van besighede wees. (Hoe lank moet mens dikwels wag vir 'n kaarttransaksie om "deur te gaan"!)

3. **Databasis van sosiale aangeleenthede:**

Een van die grootste probleme wat nuwe intrekkers in die gesig staar is vereensaming. Mens moet as't ware 'n nuwe lewe begin, met nuwe vriende, nuwe kerk, nuwe dokter, nuwe koopplekke, nuwe alles. Vir jonger gesinne gebeur dit dit redelik maklik, deur middel van kinders se skoolaktiwiteite en deur kontak met kollegas by die werksplek. Afgetredenes moet dit egter aktief gaan soek, en weet dikwels nie eers waar om te begin nie.

'n Sentrale databasis en webtuiste word voorgestel om sosiale kontak te vergemaklik.

Die bestaande "Business Finder" is 'n uitstekende manier om allerlei plaaslike besighede te vind, maar die naam sê dit alles --- besigheid. Ek voorsien iets soortgelyks, sê maar 'n "Social Finder" (ek is seker mens kan 'n beter naam vind!) waar sosiale agentskappe hulleself kan bekendstel. Kerke, liefdadigheidsorganisasies, dierebeskermingsverenigings, handwerkklubs, tuisnywerhede, stokperdjieverenigings, stapklubs, tuinbouklubs en andere kan hulleself sodoende bekendstel, sommer met 'n skakel na hulle eie webtuiste ook. Ek voorsien ook dat so iets as gedrukte pamflette/boekies versprei word. Sodanige organisasies kan ongelukkig nie die koste van "advertensie" dek nie, en finansieringsbronne sal gevind moet. Dalk kan dit deel van "Business Finder" word?
Daar sal ook streng beheer oor die deelnemers en inhoud uitgeoefen moet word, om te verhoed dat dit tot geelpersstandaard verval.
Frits Nortjé.

VIC – STAP GROEP

Opskrif: Stapgroep vir Pensioenarisse

(Die “Skilpadjies as voorbeeld)
***Beskrywing en samestelling**

***Fisiese vereistes**

***Sosiale aspekte in so ‘n groep**

***Organisasie**

INSETTE VAN ROLSPELERS IN SY AFWESIGHEID

GUSTAF PIENAAR

My waarneming is dat baie afgetredenes kanker opdoen. Heelparty van byvoorbeeld ons vriende hier op Vleesbaai is kankerlyers. Mosselbaai het nie ‘n onkologiesentrum nie; gevolglik moet ernstige siek mense na George toe reis vir behandeling – dikwels net vir ‘n paar minute.
Ek is oortuig daarvan dat daar ‘n behoefte op Mosselbaai is vir ‘n onkologiesentrum. Dit sal m.i. ook van waarde wees vir mense op Gourits, Herbertsdale, Albertinia – selfs sover as Riversdal.